



bid saam

1 Maart
Lukas 4:1-15



eet saam

8 Maart
Lukas 5:27-32



dien saam

15 Maart
Lukas 6:27-36

Welkom

8 Maart 2020
EET SAAM

Ons staan vandag stil by

Lukas 5: 27-32

09:00 KLASSIEKE DIENS (Kerk)

Dr Tinus van Zyl (Dooop)

Jeugroepe Voorskool-Gr6

09:00 FAMILIEDIENS (Saal)

Ds Wynand Seymore-Breytenbach

18:00 LEEFDIENS (Kerk)

Ds André Agenbag

Jer 29: 4-14 -

Medelye met Ander

Jeugroepe Gr 7 - 11



NUWE LIDMATE!

Is jy nuut in die gemeente?

Ons wil graag jou kontakbesonderhede hê sodat ons jou kan kontak om te kom kennis maak. Skryf gerus jou naam in die Nuwe Intrektersboek in die voorportaal of kontak die kerkkantoor. Een van ons predikante sal jou dan kontak vir 'n kennismaking en 'n besoek. Christa hanteer ons lidmaatskappoorplasing, kontak haar asb by die kerkkantoor.

Jy kan ook ons webblad besoek by www.durbanvillegemeente.co.za vir meer inligting oor die gemeente. Lidmaatskappoorplasing kan by Christa aangevra word by **021 975 6370**. Ons sien uit om jou deel te maak van die Durbanville Gemeentefamilie!

Durbanville
Gemeente
Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

blitSIG

3de LYDENSWEEK

Lydenstyd is vanaf die sesde eeu n.C deur die kerk gebruik om twee belangrike prosesse van geloofsvorming oor 'n periode van veertig dae te voltrek:

- 1 Die kerk se kategetiese program met die oog op die bediening van die doop op Paassondag;
- 2 en die prosesse van verootmoediging en hertoewyding deur diegene wat van die geloof afgedwaal het - sodat hulle tydens Groot Lydensweek weer volledig opgeneem kon word in die gemeenskap van die gelowiges met die oog op die viering van Paasfees saam met die res van die gemeente.

Voortaan sou dit algemene gebruik word vir alle Christene om Lydenstyd te gebruik as 'n tyd van skuldbydenis en selfprysing. Lydenstyd is nie veronderstel om 'n uitgerekte Goeie Vrydag te wees nie. Die betekenis van Lydenstyd word ontsluit deur die twee dae wat dit van voor en agter omraam:

Aswoensdag en Goeie Vrydag. Op Aswoensdag ontvang gelowiges die as op hul voorkoppe met die woorde, "Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Sodoende word gelowiges herinner aan hulle eie sterflikheid. Op Goeie Vrydag is ons getuies van die dood van 'n ander mens, en ons word vertel, "In sy dood, het ons almal gesterf." In 2 Korintiërs 5:14, 15 skryf Paulus, "Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterf het. En hy het vir almal gesterf, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."

Ds André Agenbag

VOORBIDDING

Ons bid vir lidmate wat siek is of besig is met behandeling.

Joey Steenkamp

Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor –
admin@durbanvillegemeente.co.za
as jy weet van siekes of nood.
Die leraars wil julle besoek en ons wil graag vir julle bid.

Volgende Week **15 MAART 2020**

4de Lydensweek **DIEN SAAM**

09:00 GESAMENTLIKE DIENS (KERK)

Afsheidspraak: Ds André Agenbag

Teks: Lukas 6:27-32

18:00 LEEFDIENS

Ds Wynand Breytenbach

Teks: Matt 6:19-24

SINODALE OFFERGAWE **VANDAG BY DIE DEURE**

GEMEENTEBEDIENING

Die Taakspan vir Gemeentebegeleiding (voorheen: Gemeentebediening) glo dat gemeentes God se geskenk is aan die wêreld. Ons glo dat gemeentes vandag opnuut geroep word om deel te neem aan die inbraak van die Koninkryk. Ons begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die proses word die *Communitas Reis in Geloofsonderskeiding* genoem, wat 'n omvattende proses vir 'n gemeente is. Die Taakspan lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes in die verskillende streke en ringe hierin begelei.

DOOP VANDAG **KLASSIEKE DIENS**



BURGER

Charl en Tanya
doop vir
LUCA CHARL



BINNEMAN

Desmond en Ruth
doop vir
ROSSLYN SOPHIA



KRUGER

Theo en Trudi
doop vir
VIOLET



MATHEE

Jac en Rozanne
doop vir
SCHALK



OLIVIER

Henk en Clirissa
doop vir
JACOBUS HENDRIK



SWIEGELAAR

Emile en Carla
doop vir
NINA

(met dooptoestemming van
Sonstraal Gemeente)

KENNISGEWING:

PARKERING OM KERKTERREIN

Ons vra groot asseblief dat lidmate die parkeerareas om die kerkgebou gebruik om te parkeer en nie op die spersrepe of toegetekens stilhou nie. Dit maak dit baie moeilik vir die ander motors om verby te ry.

WAT GEBEUR HIERDIE WEEK

Dinsdag, 10 Maart

07:50 -08:30 Stildiens (kerk)

09:00 - Dien Saam - Sopkombuis

12:00 - Eet saam (Konsistorie)

Woensdag, 11 Maart

19:00 Kapel diens (Konsistorie)

Donderdag, 12 Maart

08:00 – Nagmaal en Gebed (Kerk)

Vrydag, 13 Maart

19:00 – Straatbraai (Gemeentesentrum)

Skole sluit 20 Maart

BEHOEFTE: DURBANVILLE KINDERHUIS

- Borge om voertuigbestuurders op te lei om kinders na die 39 verskillende skole te vervoer.
- Donasies van heel “retainer blocks” of bakstene (om 'n braai vir ons kinders te bou) - Roosters, buite stoele, plaveisel stene ook welkom.
- Buite banke vir ons kinders om by te eet. (Enige hout of recycle plastic tafels – 8 sitplek).
- Ons kinders kamp by Onrus vanaf 23-29 Maart - enige donasies van lekkernye, charcoal, petrol, emmertjies & grafies, handdoeke, vlerkies vir ons 20 kleintjies om mee te swem sal waardeer word.
- Staal tafels vir ons boek-verkope.
- Ons wil ook n opelug fliiek area skep vir ons kinders en ons soek n besigheid wat bereid sal wees om n donasie te maak en hulle naam hieraan te koppel.
- Ons 7 skoolverlaters benodig skootrekenaars, WIFI, geheue stokkies en skryfbehoeftes
- Ons benodig ook tweedehandse selfone wat nog in werkende orde is asook tweedehandse klere vir volwassenes wat ons in ons winkel kan herverkoop.

Kontak asb. vir Johanna Strauss by
jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za



KAARTJIES BY DIE KERKKANTOOR

Volwassenes: R130-00 (lamsvleis, klein aartappeltjies, groen slaai, pastaslaai, knoffelbrood, eetgerei)

Kinders: R20-00 (boereworsrol, koeldrank en 'n pakkie skyfies)

DAGBOEK ... Lydensweek verloop



KERKKANTOOR

BESONDERHEDE

Tel: 021 975 6370

E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za

Facebook: Durbanville Gemeente

Instagram: @durbanvillegemeente /

@DG_Leef

Twitter: @Dgemeente

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak,

Rekeningnummer: 141 058 0019

Naam: NG Gemeente Durbanville


Verwysing bv. Pienaar/MDO



KRUISSTAP

Sondag

5 April | 17:30



STASIES VAN DIE KRUIS

Dinsdag

7 April | 19:00



LAASTE AVONDMAAL

Woensdag

8 April | 19:00



DONKERDIENS

Donderdag

9 April | 19:00

GEE JOU OFFERGAWES MET

DURBANVILLE GEMEENTE



Snap here to pay



GOEIE VRYDAG

Feesdiens: Nagmaal

Vrydag

10 April | 09:00



PAASFEES

Feesdiens: Doop

Sondag

12 April | 09:00

ADVERTENSIES IN SIG

Kontak gerus die kerkkantoor indien jy 'n plasing verlang. Let wel: advertensies moet vooraf reeds in die regte formaat opgestel wees.

Volblad (A3) – R 2300

Besigheidskaartjie grootte – R300
(90 x 50)

A6 grootte – R400 (148 x 105)

A5 grootte – R800 (148 x 210)

A4 grootte – R1500 (297 x 210)

(BTW ingesluit.)



PASGAMAAL PESAH

Woensdag

15 April | 19:00